GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

HANDELINGE

VAN DIE EERSTE ALGEMENE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE POTCHEFSTROOM OP 5 JANUARIE 2009 EN VOLGENDE DAE ASOOK 29 JUNIE 2009 EN VOLGENDE DAE

1. AMPTELIKE OPENING

1.1 *Opening 5 Januarie 2009* (Art 1)
Die voorsitter van die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Noord, ds HS Coetzee, open die vergadering deur uit Esra 1:1 en 2; 2:68-70; 3:1-6 en 3:10-13 te lees, 'n gebed te doen en Ps 89:1 en 2 en Ps 20 (soos verwerk deur prof Rantoa Letsosa) te laat sing.

1.2 *Opening 29 Junie 2009* (Art 295)
Die voorsitter, dr CJ Smit, open die vergadering deur te lees uit Romeine 14 en 15, enkele woorde tot die vergadering te rig, te laat sing van Ps 123:1 en Ps 124:3, 4 en 'n gebed te doen.

1.3 *Verwelkoming* (Artt 2, 296)
5 Januarie 2009: Ds HS Coetzee rig namens die Roepende Kerkraad 'n hartlike woord van welkom aan alle afgevaardigdes.
29 Junie 2009: Die voorsitter verwelkom alle afgevaardigdes en adviseurs sowel as besoekers, in besonder dr Kwon van Korea, dr Nsenga van die Kongo en dr Hannes Breytenbach van die VGKSA.

1.4 *Konstituering* (Artt 3, 297)
Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Streeksinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

1.4.1 Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig – 5 Januarie 2009:

Streeksinode Bosveld

Predikante (Primi)	***Ouderlinge (Primi)***
Ds SJMS Smit	Oudl P Aucamp
Dr ALA Buys	Oudl JP Viljoen
Ds PJ Venter	Oudl HJ Prinsloo
Ds JH Grobler	Oudl JTS van der Merwe
Ds SA Cilliers	Oudl MC Duvenage
Dr EJ de Beer	Oudl CNW Ligthelm
Ds CB Swanepoel	Oudl CJ Kruger
Ds JG Noëth	Oudl HFP Kruger

Dr VE d'Assonville
Ds G Opperman
Ds HPM van Rhyn
Ds N Boy
Ds PJJ van Nieuwenhuizen
Ds SP Venter
Ds CJ Nagel [jr] (sek)
Ds DP Prinsloo
Ds JA Berg
Ds CJJ Putter
Ds LAS Nel
Ds NN Ligege
Ds WM Snyman

Oudl J Groothof
Oudl SJM Swanepoel
Oudl JA Hoogenboezem
Oudl MC Hattingh
Oudl H van der Wateren
Oudl R Boshoff
Oudl CB Pretorius
Oudl HLM Erasmus
Oudl WSS Roets (sek)
Oudl LJE Venter
Oudl JHJ Hoffman (sek)

Oostelike Streeksinode

Predikante (Primi)
Ds EJ Tiemensma
Ds LH van Schaik
Ds CA Jansen
Ds J van Schaik
Dr SP van der Walt
Ds MA Modise
Ds DJ Bakker
Ds CJH Breed
Ds AH Steyn
Ds LSD du Plessis
Dr SF Kruger
Ds C Kruger
Ds PJ van der Walt
Ds PW Kurpershoek
Dr AJ Krüger
Ds OJ Struwig
Ds MJJ Erasmus
Dr JH Howell
Ds DF Coetzee
Ds PC van Rooy

Ouderlinge (Primi)
Oudl DE Niemand
Oudl F vd B Postma
Oudl WJD Fouché
Oudl TM Buys
Oudl FPC Viljoen
Oudl P Moshia (sek)
Oudl OJF Hartung
Oudl NJ Hartung
Oudl BD Bakker
Oudl IJA van Wyk
Oudl BH Venter
Oudl DL de Beer (sek)
Oudl BJ Vorster
Oudl JJ van Niekerk
Oudl W Smit

Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal

Predikante (Primi)
Ds DG Zwemstra
Ds HF van Wyk
Ds JA du Preez
Ds AP de Jager
Ds MJ Smidt
Ds PA Odendaal
Dr SJ van der Walt

Ouderlinge (Primi)
Oudl HG Kruger
Oudl C Theron (sek)
Oudl P Welken (sek)
Oudl SE Masankane
Oudl MN Hermann
Oudl JW du Plessis
Oudl DJ Coetzee

Ds PK Lourens	Oudl JC van der Walt
Ds JL van der Schyff	Oudl T van Eeden (sek)
Dr N Vorster	Oudl L van den Brink
Ds TJ van Vuuren	Oudl SC van der Walt
Ds AP Kruger	Oudl MJ Nakeli
Ds MS Mbatha	Oudl JA Kruger (sek)
Dr JA Erasmus	Oudl JF Venter
Ds VA Rankhotha	Oudl FH Roets (sek)
Ds JP Sithole (sek)	Oudl DJ de Klerk
Ds HJ Stoltz (sek)	Oudl JJ Pretorius
Ds JH Cilliers	Oudl RJ Muller
Ds AF Berg	Oudl HAH de Klerk
Ds J Temba	
Ds AH Stavast (sek)	

Streeksinode Pretoria

Predikante (Primi)	***Ouderlinge (Primi)***
Ds C Aucamp	Oudl FC du Toit
Ds HJP de Beer	Oudl MJL van der Meer
Ds IW Ferreira	Oudl PS van Emmenis
Dr HG Stoker	Oudl AT van der Wetering
Ds BCG Fourie	Oudl BJ Kruger
Ds SD Snyman	Oudl JFK Mulder
Dr DG Breed	Oudl WC Heystek
Ds MJ Erasmus	Oudl WN Prinsloo
Dr GJ Meijer	Oudl P van Staden
Ds GS Kruger	Oudl HS van der Walt
Ds MA Sekhaulelo (sek)	Oudl DJP Erasmus
Dr PH Heystek	Oudl PWB Kruger
Ds PJ Nel	Oudl GJ Oosthuizen
Ds PG Geertsema	Oudl GLM Erasmus
Ds CJ van Heyningen	Oudl THB van Dam
Ds HL Stavast	Oudl K Ndou
Ds L du P van der Vyver	
Ds WGM Kotze	
Ds HH Sehoole	
Ds HLJ Momberg (sek)	
Ds GC Verhoef (sek)	

Streeksinode Randvaal

Predikante (Primi)	***Ouderlinge (Primi)***
Dr G Breed	Oudl CCA van den Berg
Dr D Lartz	Oudl G Kotzee
Dr FP Kruger	Oudl CF Reinecke
Ds FM Dreyer (sek)	Oudl JJ Howell
Dr EJ Smit	Oudl NJ van Rensburg

Dr WC Vergeer
Dr ME Schalekamp
Dr DM Nkulu
Dr AL Rheeder
Dr JM van Tonder
Ds L Kruger
Ds HC van Rooy
Ds AP Tredoux
Ds JA Schutte
Ds P Fanoy
Ds H Goede
Ds LH Moretsi
Ds D van ‘t Zand
Dr AJ Krüger
Ds HG Schutte

Oudl CJH van Wyk
Oudl HP Erasmus
Oudl NF Greyling
Oudl JP Jooste
Oudl P Greyling
Oudl K van der Merwe
Oudl J van der Wel
Oudl JG Jansen van Vuuren
Oudl SP Janse van Vuuren
Oudl DB van der Merwe
Oudl JH Kruger
Oudl JH van der Merwe

Suidelike Streeksinode

Predikante (Primi)
Ds RG Aucamp
Ds B Companie
Dr MJ du Plessis
Ds DPJ Erasmus
Dr JV Fatuse
Ds JP Fleischmann
Ds MP Fourie
Ds BR Kingma
Ds J Malan
Ds D Pansegrouw
Ds TJ Potgieter
Ds H Reinecke
Ds HW Schutte
Ds WP van der Merwe
Ds JP van der Walt
Ds KAJ van Rensburg
Ds HV Venter
Ds JH Venter
Ds DHP Wijnbeek

Ouderlinge (Primi)
Oudl P Aucamp
Oudl AB du Plessis
Oudl CG Foster
Oudl B Mtana (sek)
Oudl TE Gxotani
Oudl B Jager
Oudl SN Klaas
Oudl FJ Kruger
Oudl L Yozo (sek)
Oudl IJ Lessing
Oudl F Manuel
Oudl PA Marais
Oudl MN Ras
Oudl GJ Swanepoel
Oudl JA van Jaarsveld
Oudl J van Milligen

Streeksinode Noordwes

Predikante (Primi)
Ds JC Aucamp
Ds LJ Buys
Ds JJ Cloete
Ds HS Coetzee
Ds PA Coetzee
Ds TC de Klerk

Ouderlinge (Primi)
Oudl PWH Aucamp
Oudl G van der Walt
Oudl MC Erasmus
Oudl PJ Jones
Oudl JA Coetsee
Oudl SO Oostruis

Ds JB du Plessis	Oudl PJ Snyman
Ds JC Erasmus	Oudl DC Kruger (sek)
Dr J Lion-Cachet (sek)	Oudl AJ du Plooy
Dr WC Opperman	Oudl FJWJ Slabbert
Dr CJ Smit	Oudl DA Steenkamp
Dr J Smit	Oudl F Venter
Dr SJ van der Merwe	Oudl TF Schutte
Ds AB van der Walt	Oudl D Taljaard
Ds P Venter	Oudl IJ Malunga
Ds SL Oostruis	Oudl SJP du Plessis
Ds W Vogel	Oudl DF du Toit
Ds PM Lekgetho (sek)	Oudl DJ de Kock (sek)
Ds MR Ramalisa	Oudl PH Lemmer (sek)
Ds OI Rooibaadjie	

1.4.2 Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig – 29 Junie 2009:

Streeksinode Bosveld

Predikante (Primi)	***Ouderlinge (Primi)***
Ds SJMS Smit	Oudl P Aucamp
Ds PJ Venter	Oudl JP Viljoen
Ds JH Grobler	Oudl JTS van der Merwe
Ds SA Cilliers	Oudl HFP Kruger
Dr EJ de Beer	Oudl J Groothof
Ds CB Swanepoel	Oudl JG Opperman
Ds JG Noëth	Oudl SJM Swanepoel
Ds HPM van Rhyn	Oudl JA Hoogenboezem
Ds N Boy	Oudl MC Hattingh
Ds PJJ van Nieuwenhuizen	Oudl H van der Wateren
Ds SP Venter	Oudl CB Pretorius
Ds WM Snyman	Oudl LJE Venter
Ds DP Prinsloo	Oudl JAJ Hoffmann (sek)
Ds JA Berg	Oudl BP Lessing (sek)
Ds CJJ Putter	
Ds LAS Nel	
Ds NN Ligege	
Dr DJ de Kock (sek)	
Ds NJ van der Walt (sek)	
Ds HB Hattingh (sek)	

Oostelike Streeksinode

Predikante (Primi)	***Ouderlinge (Primi)***
Ds EJ Tiemensma	Oudl DE Niemand
Ds LH van Schaik	Oudl WJD Fouché
Ds CA Jansen	Oudl TM Buys
Ds J van Schaik	Oudl OJF Hartung
Dr SP van der Walt	Oudl NJ Hartung

Ds MA Modise
Ds DJ Bakker
Ds CJH Breed
Ds AH Steyn
Dr SF Kruger
Ds C Kruger
Ds PJ van der Walt
Ds PW Kurpershoek
Dr AJ Krüger
Ds OJ Struwig
Ds MJJ Erasmus
Dr JH Howell
Ds PC van Rooy
Ds JJJ Erasmus (sek)

Oudl BD Bakker
Oudl IJA van Wyk
Oudl BH Venter
Oudl BJ Vorster
Oudl W Smit

Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal

Predikante (Primi)

Ds DG Zwemstra
Dr HF van Wyk
Ds JA du Preez
Ds AP de Jager
Ds MJ Smidt
Ds PA Odendaal
Ds PK Lourens
Ds JL van der Schyff
Dr N Vorster
Ds TJ van Vuuren
Ds AP Kruger
Ds MS Mbatha
Dr JA Erasmus
Ds VA Rankhotha
Ds JP Sithole (sek)
Ds HJ Stoltz (sek)
Ds JH Cilliers
Ds AF Berg
Ds J Temba
Ds PJ [Peet] van der Walt (sek)

Ouderlinge (Primi)

Oudl MN Hermann
Oudl JW du Plessis
Oudl DJ Coetzee
Oudl L van den Brink
Oudl JC van der Bijl (sek)
Oudl T van Eeden (sek)
Oudl JA Kruger (sek)
Oudl P Welken (sek)
Oudl CS van Heerden (sek)
Oudl HJ Grobler (sek)
Oudl MJ Nakeli
Oudl DJ de Klerk
Oudl JJ Pretorius
Oudl RJ Muller
Oudl HAH de Klerk

Streeksinode Pretoria

Predikante (Primi)

Ds C Aucamp
Ds HJP de Beer
Ds IW Ferreira
Dr HG Stoker
Ds BCG Fourie
Ds SD Snyman

Ouderlinge (Primi)

Oudl MJL van der Meer
Oudl PS van Emmenis
Oudl BJ Kruger
Oudl JFK Mulder
Oudl WC Heystek
Oudl WN Prinsloo

Ds MA Sekhaulelo (sek)
Ds GC Verhoef (sek)
Ds HLJ Momberg (sek)
Ds GS Kruger
Dr PH Heystek
Ds PJ Nel
Ds HL Stavast
Ds L du P van der Vyver
Ds WGM Kotze
Ds A Venter (sek)
Ds M van Helden
Ds HH Sehoole

Oudl HS van der Walt
Oudl DJP Erasmus
Oudl PWB Kruger
Oudl THB van Dam

Streeksinode Randvaal

Predikante (Primi)

Dr G Breed
Dr D Lartz
Dr FP Kruger
Ds FM Dreyer (sek)
Dr EJ Smit
Dr WC Vergeer
Dr DM Nkulu
Dr AL Rheeder
Ds L Kruger
Ds HC van Rooy
Ds AP Tredoux
Ds JA Schutte
Ds HG Schutte
Ds P Fanoy
Ds H Goede
Ds LH Moretsi
Ds D van ‘t Zand
Ds PM Modise
Dr AJ Krüger
Ds ASA de Bruyn (sek)

Ouderlinge (Primi)

Oudl CCA van den Berg
Oudl G Kotzee
Oudl JJ Howell
Oudl NJ van Rensburg
Oudl HP Erasmus
Oudl NF Greyling
Oudl JP Jooste
Oudl K van der Merwe
Oudl J van der Wel
Oudl JG Jansen van Vuuren
Oudl SP Janse van Vuuren
Oudl DB van der Merwe
Oudl JH van der Merwe

Suidelike Streeksinode

Predikante (Primi)

Ds RG Aucamp
Ds B Companie
Ds RP van Wyk (sek)
Ds DPJ Erasmus
Dr JV Fatuse
Ds JP Fleischmann
Ds MP Fourie
Ds BR Kingma

Ouderlinge (Primi)

Oudl P Aucamp
Oudl AB du Plessis
Oudl CG Foster
Oudl W Grové
Oudl TE Gxotani
Oudl B Jager
Oudl SN Klaas
Oudl FJ Kruger

Ds J Malan	Oudl IJ Lessing
Ds D Pansegrouw	Oudl JA Niesing
Ds TJ Potgieter	Oudl PA Marais
Ds H Reinecke	Oudl MN Ras
Ds HW Schutte	Oudl GJ Swanepoel
Ds WP van der Merwe	Oudl JA van Jaarsveld
Ds KAJ van Rensburg	Oudl WJA Steyn
Ds DHP Wijnbeek	Oudl CJH Schutte
Ds JH Venter	
Ds LM Kruger (sek)	

Streeksinode Noordwes

Predikante (Primi)	***Ouderlinge (Primi)***
Ds JC Aucamp	Oudl PWH Aucamp
Ds LJ Buys	Oudl G van der Walt
Ds JJ Cloete	Oudl MC Erasmus
Ds HS Coetzee	Oudl PJ Jones
Ds PA Coetzee	Oudl JA Coetsee
Ds TC de Klerk	Oudl SO Oostruis
Ds JB du Plessis	Oudl PJ Snyman
Ds JC Erasmus	Oudl AJ du Plooy
Dr J Lion-Cachet (sek)	Oudl DA Steenkamp
Dr WC Opperman	Oudl AJ van Wyk
Dr CJ Smit	Oudl TF Schutte
Dr J Smit	Oudl D Taljaard
Dr SJ van der Merwe	Oudl SJP du Plessis
Ds AB van der Walt	Oudl DF du Toit
Ds P Venter	Oudl C Kruger (sek)
Ds PM Lekgetho (sek)	Oudl DJ de Kock (sek)
Ds W Vogel	Oudl PH Lemmer (sek)
Ds MR Ramalisa	Oudl S van Wyk (sek)
Ds OI Rooibaadjie	

1.4.3 *Adviseurs*: Proff CFC Coetzee, BJ de Klerk, FW de Wet, A le R du Plooy, PH Fick, JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Kruger, RS Letsosa, TD Mashau, HF van Rooy, FP Viljoen en JM Vorster.

1.5 *Verkiesing van Moderamen* (Artt 4,)
Die voorgestelde Ordekommissie word as Telkommissie aangewys.

Die Sinode verkies die volgende Moderamen:

Voorsitter	Dr CJ Smit
Ondervoorsitter	Ds SD Snyman
Skriba	Ds LH van Schaik
Adjunk-skribas:	Di HJP de Beer en MA Modise

Die Moderamen neem hulle sitplekke in.

Die Voorsitter verwelkom al die afgevaardigdes, besoekers en professore by die Sinode (Art 5).

1.6 *Openlike Verklaring (*Artt 6, 298)
Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, lees die Openlike Verklaring voor en almal betuig hulle instemming deur op te staan.

2. AFGEVAARDIGDES ANDER KERKGEMEENSKAPPE, GROETE, ENS

2.1 *Groeteboodskappe*

2.1.1 GROETEBOODSKAP TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

In hierdie besondere feesjaar beleef die Teologiese Skool saam met al die Gereformeerde Kerke ‘n oorheersende gevoel van dankbaarheid. Die tema van die fees vertolk die gees en gesindheid van die TSP uitstekend: Klein voor God. Ons is klein voor God in ons dankbaarheid vir sy liefde en geduld met die TSP. Soos die kerke kan terugdink aan ‘n eeu-en-‘n-half se genade vier die Teologiese Skool ook hierdie jaar ‘n ronde getal: 140 jaar van geseënde jare van die opleiding van bedienaars van die Woord.

Vanaf die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op 11 Februarie 1859 was dit duidelik dat voorsiening gemaak moes word vir die behoefte aan predikante. Ds Dirk Postma het in sy voorgestelde kerkorde ’n bepaling ingesluit wat vir die opleiding van predikante voorsiening gemaak het. Hierdie saak het ook op die agenda van die eerste kerkvergadering in 1862 verskyn. Daar is besluit dat twee predikante (ds Postma en ds J Beijer) die opleiding privaat sou doen. Maar die behoefte aan ‘n eie teologiese skool het in daardie jare al sterker gegroei.

In Mei 1869 het die vierde Algemene Sinode in die klein kerkgeboutjie in Potchefstroom die geloofsbesluit geneem dat ‘n teologiese skool in Burgersdorp opgerig sal word. Die feestelike opening van die Skool het die naweek van 26-29 November plaasgevind. Dit was 10 jaar na die stigting van die eerste Gereformeerde Kerk te Rustenburg. Slegs 14 kerke met vier predikante het tydens hierdie Sinode die dapper besluit geneem. Die besluit het ook ingehou dat onderwysers en studente wat ander beroepe wil volg, daar opgelei kan word.

In 1905, na die onstuimige oorlogsjare waarin van die teologiese studente gesneuwel het, is die Skool na Potchefstroom verskuif. Intussen is predikante ook in Dube en later Hammanskraal en in Venda opgelei totdat al die opleidingsplekke in 1995 saamgesmelt het en in Potchefstroom gehuisves word. Die meer as 650 dominees wat deur al die jare opgelei is, het die blye evangelie in baie tale in en buite Suid-Afrika verkondig. Gereformeerde gemeentes is gestig en opgebou, kinders het toerusting ontvang en ongelowiges is tot die Here bekeer.

In ‘n sekere opsig was die Teologiese Skool die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vóór. Sedert 1995 is al die predikante uit al die bevolkingsgroepe op een plek en deur een leerplan en praktiese blootstelling gesamentlik opgelei. Die ervaring was ongelooflik verrykend en ‘n voorloper van wat nóú op hierdie Sinode as beskikking van die Here beleef kan word, dat al die kerke in een sinode gesamentlik hulle eenheid in Christus tot uitdrukking kan bring en saam verantwoordelikheid kan neem om die belange van die Teologiese Skool Potchefstroom te kan hanteer.

Met groot dankbaarheid kan ons ons werk doen omdat kerke en lidmate voortdurend vir ons voorbidding doen en ons finansieel ondersteun. Ons kan getuig dat die Kuratorium steeds met nougesetheid en liefde na die werksaamheid van die Skool omsien. Die wonderlike gees, volgehoue werksywer en ondersteuning van professore en administratiewe personeel maak dit ‘n vreugde om by die Skool werksaam te wees.

Met die liefde van ons hart bid ons die kerke in Sinode die seën van die Here toe. Mag hierdie Sinode met sy besluite, maar ook met die geleenthede vir onderlinge meelewing, ons inspireer om die toekoms met geloofsmoed, vertroue en entoesiasme tegemoed te gaan en om die gawes, geleenthede en energie wat die Here ons gee

voluit te gebruik in belang van ons kerke, samelewing waarin God ons geplaas het en die Koninkryk van God.
Rektor: Prof BJ de Klerk

2.1.2 GROETEBOODSKAP VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Dit is nou vyftig jaar dat daar op sinodale vlak tussen die drie Afrikaanse Kerke gesprek gevoer word oor veral die vraag na kerkeenheid tussen die drie kerke. Vir baie was dit teleurstellend toe die Tussenkerklike Raad, waar dié gesprek gevoer word, verlede jaar moes erken dat dié gesprek oor die halfeeu nie gevorder het nie. By die TKR het dié feit daartoe gelei dat daar die afgelope aantal jare reeds ‘n fokusverskuiwing gekom het, weg van die problematiek van kerkeenheid na kerklike samewerking. Op hierdie punt het die kerke mekaar in die onlangse tyd besonder goed gevind. Ten opsigte van sake soos die onderwys, barmhartigheidswerk, gesamentlike vertalings van die Belydenisskrifte, omdigting van die Psalms, gesamentlike getuienis teenoor die owerhede en baie ander terreine van samewerking kan met groot dankbaarheid teenoor die Heer van die Kerk erken word dat die eenheid van die Kerk daar gestalte vind in die sin dat die Kerkgemeenskappe saamwerk en daar ten opsigte van dié samewerking ook goeie groei en vordering is.

Maar terug na die gesprek oor kerkeenheid. In bilaterale gesprekke tussen onder andere die Gereformeerde Kerke en die Hervormde Kerk het dit tog duidelik geword dat daar vordering binne die verskillende kerkgemeenskappe is. Hierdie vordering kom daarop neer dat die verskillende kerkgemeenskappe teenoor mekaar erken dat dit gewoon deel is van ons kerkwees dat almal nie meer uit een mond praat nie. Diverse standpunte oor sake soos kerkeenheid, eenwording, Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifgebruik, die verhouding Skrif teenoor Belydenis asook talle ander kerklike en etiese kwessies, kom nie net tussen ons kerke voor wat op dieselfde belydenisgrondslag staan nie. Dit kom ook intern binne elke kerkgemeenskap voor.

Hierdie diversiteit en verskeidenheid kan deur sommiges as ‘n verleentheid beskou word. Die uitgangspunt is dan dat almal inderdaad uit een mond moet praat. Dat alle ampsdraers en kerkrade en kerke dieselfde standpunte oor alles moet handhaaf met die gevolg dat diegene wat nie soos die eie groep dink nie, verketter word. Die tyd waar op so wyse in die Kerk en met medegelowiges omgegaan word, is stellig vir goed verby. Hoe verder die gesprekke binne die verskillende Kerke vorder, en hoe dieper en indringender elke Kerk intern gesprek voer, hoe meer dring die uitdaging na vore om wel die eenheid te handhaaf maar met erkenning van die verskeidenheid. Die tyd het stellig aangebreek dat ons as Kerke, as groepe binne Kerke ander wat anders oor teologiese en kerklike kwessies dink nie sal verketter nie, maar die verskeidenheid as gegewendheid sal erken en daarin die veelgeskakeerdheid en fyn genuanseerdheid van die evangelie van Jesus Christus herontdek.

Natuurlik beteken die erkenning van die verskeidenheid nie dat daar nie meer grense is nie. Ook dít is een van die groot uitdagings vir die Kerk vandag: Dat die Kerk nie saam met die gesekulariseerde wêreld in relativisme verval waar alles as toelaatbaar beskou word, waar daar nie meer so iets soos waarheid is nie en die Kerk derhalwe nie meer met die evangelie ‘n appèl op die wêreld kan maak nie.

In baie gemeentes worstel lidmate, kerkrade en ampsdraers van die Gereformeerde Kerke en die Hervormde Kerk om hierdie uitdaging van eenheid te midde van die verskeidenheid van teologie, liturgie, etos en kerklike gebruike die hoof te bied en Kerk van Jesus Christus te bly midde van die aansprake van die relativisme aan die een kant en ‘n strakke ontkenning van die verskeidenheid aan die ander kant.

Teen hierdie agtergrond bring ek graag aan u Sinode groete oor vanuit die Nederduitsch Hervormde Kerk. Mag die Heer van die Kerk u Sinode seën met wysheid en onderskeidingsvermoë om die dinge te kan onderskei waarop dit werklik aankom. Mag die Heer van die Kerk u as Kerk van die Reformasie lei sodat sy Woord alleen opnuut die enigste maatstaf vir u besluite sal wees en dat daarbinne ook

ruimte vir verskeidenheid sal wees. Mag die genade by u as Kerke en met u almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.
Dr DJC van Wyk Visevoorsitter: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

2.1.3 GROETEBOODSKAP VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
Dit is 'n groot eer en voorreg om namens Sentrale Kerkekommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n groeteboodskap by die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor te dra.
Die Sinode van die Gereformeerde kerke in sitting aan die begin van 2009 sal sekerlik telkens besin en besluit oor kerkwees in die hedendaagse tye. Wêreldomwentelinge is aan die orde van die dag. Te midde van al die woelinge en veranderinge bly dit die uitdaging om steeds kerk van die Woord in die wêreld te wees. Alle pogings en druk vanuit talle oorde om vernuwing en verandering moet gehoor maar ook gesif word sodat dít nie die kerk en sy koers bepaal nie, maar die Skrif alleen. Dit alleen maak dat die kerk van Jesus Christus die voorwerp van geloof bly en nie bloot 'n onderwerp van debat, bespreking en bespiegeling word nie. Nie die humanisme of sogenaamde post-modernisme behoort bepalend vir die kerk van die Here te wees nie, maar die uitverkiesing van die gelowiges in Christus. Daarom bly die kerk staan en omdat dit die bruid van Christus is, kan ons saam met Maarten Luther verklaar: Hou Christus self sy kerk in stand, vergeefs die hel se woede!
Dankie vir die geleentheid om op hierdie wyse weereens 'n hand van broederskap na u te kan uitsteek. Dit is met dankbaarheid dat ons weet dat die hand van broederskap wat tussen die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika en die Afrikaanse Protestantse Kerkverband bestaan, veel wyer strek as bloot dié van groeteboodskappe aangesien daar ook indringende gesprek tussen ons kerkverbande plaasvind. Ons glo en vertrou dat daar vanuit hierdie Sinode die gesprekke tussen die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika en die Afrikaanse Protestantse Kerk verdere steun en momentum sal verkry sodat ons ook hande kan vat en saam kan werk om die gereformeerde geloof vanuit die Bybel en Belydenisskrifte en dus Gereformeerde kerkwees in hierdie land te sterk en uit te bou.
U word die leiding van die Heilige Gees op die Sinode afgebid en dat al die besinnings en besluite tot eer en verheerliking van die Drie-enige God sal wees. Te midde van dit alles is dit ons bede dat die sitting so geseënd sal wees dat elke lidmaat van die kerk na afloop van die Sinode sal weet en beleef: ons het 'n Vader in God van wie ons kan sê ons Vader (Rom 8:15), maar ook 'n moeder want die kerk is die moeder van alle gelowiges (Calvyn).
Dr SD Nel Lid van die Twaalfde Sentrale Kerkekommissie

2.2 *Mosies en Gelukwensinge* (Artt 10, 30, 100, 126, 137, 156, 167, 172, 197, 218, 226, 232, 345)

2.2.1 <u>Mosies van meelewing</u>
Die Sinode betuig diepe meegevoel met die families van broeders en susters wie ons reeds vooruitgegaan het na ons Vaderhuis. Ons bid die vrede van ons Here toe aan die families van die volgende:
Dr F van der Walt en oudl F van der Walt wie se broer oorlede is.
Oudl TA Nokosi van KwaThema wat Sondag oorlede is.
Oudl JG Jansen van Vuuren wie se niggie Sondag oorlede is.
Oudl P van Staden wie se broer 12 Januarie 2009 oorlede is.
Ds MA Modise wie se swaer is oorlede.
'n Mosie van meegevoel word aanvaar met oudl G van der Walt wie se swaer vermis was in 'n vliegtuig. Die vliegtuig is opgespoor en dit was 'n noodlottige ongeluk. Oudl Van der Walt en sy familie word die krag en sterkte van die Here toegebid. Die

vergadering betuig hulle meegevoel deur op te staan.

2.2.2 Mosies van bemoediging

Oudl IJA van Wyk wat in die hospitaal was en na ontslag tuis aansterk.
Oudl F Viljoen wat weens sy gesondheid wat versleg het moes terugkeer huis toe.
Oudl W Grové wat as afgevaardigde die Sinode sou bywoon, maar onttrek het weens die behandeling van kanker wat by sy 3-jarige kleinkind gediagnoseer is.
Oudl M Erasmus wat tydens die sitting van 8 Januarie siek was.
Oudl F Schutte wie se vrou in die hospitaal opgeneem is.
Ds CJ van Heyningen wat nadat hy in die hospitaal na hartkloppings vir toetse opgeneem is, tuis aan sterk.
Ds JP Bingle met sy siekte.
Ds DF Coetzee wie se dogter in 'n motorongeluk was.
Oudl G van der Walt wie se swaer siek is.
Oudl PS van Emmenis wat siek geword het en terug huis toe is.
Dankbaar dat ds JP Sithole se broer gevind is.
Ds Norman Ligege wie se skoonma ernstig siek is.

2.2.3 Gelukwense met verjaarsdae/huweliksherdenkings

5 Januarie
Oudl FJ Kruger met sy verjaardag.
Ds HV Venter met sy huweliksherdenking.

6 Januarie
Prof PH Fick en oudl N Ligthelm met hulle verjaardae.
Ds Abel Modise met sy 30ste huweliksherdenking en 30ste jaar in die bediening.

7 Januarie
Ds PW Kurpershoek, mev Sylvia Letsosa, eggenote van prof RS Letsosa met hulle verjaarsdae.
Oudl JH van der Merwe met sy 42ste huweliksherdenking.
Mnr Neels Jackson (van Die Beeld) met sy 25ste huweliksherdenking.
Ds MP Fourie wie se vrou verjaar.

8 Januarie
Oudl MN Hermann met sy verjaarsdag.

9 Januarie
Oudl C van der Merwe met die verjaardag van sy vrou.
Ds HH Sehoole wat die naweek verjaar.
Oudl T Buys met sy huweliksherdenking.

10 Januarie
Oudl S Oostruis, ds AP Tredoux, dr FP Kruger en oudl P Jooste met hulle verjaarsdae.

12 Januarie
Oudl WJD Fouche met sy 25ste huweliksherdenking.

13 Januarie
Ds JH Grobler wie se eggenote 12 Januarie verjaar het.

14 Januarie
Dr GJ Meijer, di DF Coetzee, ds HG Schutte en oudl W Smit met hulle verjaarsdae.

15 Januarie
Ds P Venter en oudl D Snyman met hulle verjaarsdag.

2.2.4 Ander gelukwensinge

Prof GJC Jordaan, di JC Aucamp en JA du Preez met die doop kleinkinders.
Dr MJ du Plessis met die doop van agterkleinkind.
Ds MJ Erasmus met die beroep na Bergsig/Andeon-kombinasie.

2.3 *E-posbriewe* (Artt 30, 114, 137, 172)

'n Boodskap van prof Piet Strauss, moderator van die NG Kerk, waarin hy die Sinode die seën van die Here toebid.
Gelukwensing en seënwense aan die Sinode van GK Reddersburg met verwysing na Ps 124:1 en 124:8.

Gelukwensing en seënwense is van dr J Visser aan die Sinode, die Moderamen en spesifiek die voorsitter dr CJ Smit.
'n Boodskap van dank van oudl Wouter en sr Rina Grové en familie
'n Boodskap van dr JL Ras waarin hy die Moderamen gelukwens met hulle verkiesing en die Sinode sterkte toewens met die vergadering.

3. DAGSLUITINGS

3.1 Maandag, 5 Januarie 2009 (Art 27)
Oudl DB Bakker sluit af deur Psalm 133 te lees, Ps 133:1 en 2 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.2 Dinsdag, 6 Januarie 2009 (Art 97)
Oudl JJ Howell sluit af deur te lees van 2 Petrus 1 vanaf vers 16, 'n gebed te doen en te laat sing van Ps 147:1, 2.

3.3 Woensdag, 7 Januarie 2009 (Art 123)
Oudl IJ Lessing sluit af deur Sb 14-2 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.4 Donderdag, 8 Januarie 2009 (Art 134)
Oudl TM Buys sluit af deur te lees uit Efesiërs 4 en Sb 2-2:3 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.5 Vrydag, 9 Januarie 2009 (Art 153)
Oudl MC Erasmus sluit af deur Psalm 25 te lees, te laat sing van Ps 25:2, 5 en 'n gebed te doen.

3.6 Saterdag, 10 Januarie 2009 (Art 168)
Oudl PWB Kruger sluit af deur gedeeltes uit Hebreërs 11 & 12 te lees, te laat sing van Sb 15-1:1-4 en 'n gebed te doen.

3.7 Maandag, 12 Januarie 2009 (Art 194)
Oudl DL de Beer sluit af deur Psalm 147 te lees, te laat sing van Ps 147:1, 4, 5 en 'n gebed te doen.

3.8 Dinsdag, 13 Januarie 2009 (Art 215)
Oudl SJP du Plessis sluit af deur Psalm 25:2 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.9 Woensdag, 14 Januarie 2009 (Art 230)
Ds N Boy sluit af deur 'n gebed te doen.

3.10 Donderdag, 15 Januarie 2009 (Art 260)
Oudl JJ van Niekerk sluit af deur Psalm 42 te lees, te laat sing van Ps 42:1, 5 en 'n gebed te doen.

3.11 Maandag, 29 Junie 2009 (Art 306)
Oudl DE Niemand sluit af deur te laat sing van Ps 149:1, 2 en 'n gebed te doen.

3.12 Dinsdag, 30 Junie 2009 (Art 313)
Oudl NJ van Rensburg sluit af deur te laat sing van Ps 147:1 en 'n gebed te doen.

4. DAGOPENINGE

4.1 Dinsdag, 6 Januarie 2009 (Art 28)
Die voorsitter, dr CJ Smit, open die dag se verrigtinge deur *Jehova Morena*, Ps 145:1, 2, 3, 11 en 12 te laat sing, te lees uit Genesis 35, Ps 89:1, 6 en 7 te laat sing en 'n gebed te doen.

4.2 Woensdag, 7 Januarie 2009 (Art 98)
Ds JC Erasmus open deur te lees van Johannes 16, te laat sing van Ps 149 verse 1 tot 4 en 'n gebed te doen.

4.3 Donderdag, 8 Januarie 2009 (Art 124)
Ds SA Cilliers open deur te lees uit Lukas 9:18-36, Ps 145:1, 2, 10, 11 en 12 te laat sing en 'n gebed te doen.

4.4 Vrydag, 9 Januarie 2009 (Art 135)
Ds MA Modise open deur te lees uit Deuteronomium 31:1-8, 'n gebed te doen en te laat sing van Ps 18:1.

4.5 Saterdag, 10 Januarie 2009 (Art 154)
Ds RG Aucamp open deur te lees van Genesis 36, ‘n gebed te doen en te laat sing van Ps 90: 1 & 9.

4.6 Maandag, 12 Januarie 2009 (Art 169)
Ds EJ Tiemensma open deur te lees uit Efesiërs 3:14-21, te laat sing van Ps 33:6, 11 en ’n gebed te doen.

4.7 Dinsdag, 13 Januarie 2009 (Art 195)
Dr SJ van der Walt open deur gedeeltes uit Jesaja 40, 41, 42, 43, 46 en 49 te lees, te laat sing van Ps 130:1, 3 en 4 en ‘n gebed te doen.

4.8 Woensdag, 14 Januarie 2009 (Art 216)
Ds SD Snyman open deur Psalm 124 te lees, te laat sing van Ps 31:1, 2, 5 en ’n gebed te doen.

4.9 Donderdag, 15 Januarie 2009 (Art 231)
Dr JM van Tonder open deur enkele verse uit Psalm 139 te lees, Ps 16:1, 3 te laat sing en ‘n gebed te doen.

4.10 Vrydag, 16 Januarie 2009 (Art 261)
Ds NN Ligege open deur te lees uit Handelinge 20:17, te laat sing van Ps 42:1, 3 en ’n gebed te doen.

4.11 Dinsdag, 30 Junie 2009 (Art 307)
Ds LH van Schaik open deur te lees uit Hebreërs 13:20-21, te laat sing van Ps 25:2, 6, Ps 86:1, 6 en ’n gebed te doen.

4.12 Woensdag, 1 Julie 2009 (Art 314)
Ds C Aucamp open deur te lees uit Handelinge 15, te laat sing van Sb 15:1-4 en ’n gebed te doen.

5. DAAGLIKSE PRESENSIE

5.1 Maandag, 5 Januarie 2009 (Artt 9, 14, 17, 23)
Ds NN Ligege, drr AJ Krüger en VE d’Assonville, di SJMS Smit, BCG Fourie en oudle D de Kock, JHJ Hoffmann (sek) en H van der Wateren sluit by die vergadering aan en betuig hulle instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg.

5.2 Dinsdag, 6 Januarie 2009 (Artt 9, 44)
Di HH Sehoole, B Companie, JA Schutte, HLJ Momberg (sek), HL Stavast, drr DM Nkulu JV Fatuse, oudle IJ Malunga, DJP Erasmus, HAH de Klerk en JH van der Merwe sluit by die vergadering aan en betuig hulle instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg.
Ds AB van der Walt maak verskoning vir ’n gedeelte van die dag.

5.3 Woensdag, 7 Januarie 2009 (Art 99)
Oudl K Ndou sal na middagete weens dringende sake na Pretoria vertrek en die volgende dag weer by die vergadering aansluit. Ds J Temba sal heel moontlik nie weer by die vergadering kan aansluit nie en daarom word ds AH Stavast in sy plek as afgevaardigde verwelkom. Ds AH Stavast betuig sy instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang hy sittingsreg.

5.4 Donderdag, 8 Januarie 2009 (Art 125)
Oudl G Jansen van Vuuren word verskoon vir ’n begrafnis.

5.5 Vrydag, 9 Januarie 2009 (Artt 136, 146)
Die volgende afgevaardigdes sal deur die loop van die dag afwesig wees: Oudle CJ Kruger, C van Wyk, di JP Sithole, MA Sekhaulelo, HH Sehoole, MS Mbatha, HW Schutte en dr ALA Buys.

5.6 Saterdag, 10 Januarie 2009 (Art 157)
Die volgende afgevaardigdes is met verskoning afwesig: Di MA Modise, HH Sehoole, JG Noëth, W Vogel, JA Schutte, HC van Rooy, G Opperman, D van’t Zandt, SA Cilliers, RLA Buys, drs WC Opperman, W Vergeer, oudle P Moshia, JW du Plessis, H van der Wateren, W Smit, FJWF Slabbert, JG van der Well, NJ van Rensburg, NT Greyling en S de Kock.

5.7 Maandag, 12 Januarie 2009 (Art 171)
Di A Kruger, N Boy en oudl G van der Walt sal later by die vergadering aansluit. Oudle PH Lemmer en F vd B Postma sal nie verder die Sinode bywoon nie vanweë ongesteldheid. Ds J Temba is weer teenwoordig in die vergadering. Oudle JH Kruger en DB van der Merwe is as afgevaardigdes teenwoordig. Hulle betuig hulle instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg. Afwesig weens siekte: Oudl IJA van Wyk en ds CJ van Heyningen.

5.8 Dinsdag, 13 Januarie 2009 (Artt 196, 205)
Afwesig met verskoning: oudl F du Toit. Afwesig vir 'n tydperk: ds DF Coetzee. Ds GC Verhoef (sek) neem die plek in van ds J van Heyningen wat siek geword het. Ds Verhoef betuig sy instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en verkry sittingsreg. Ds JH Venter word verskoon aangesien hy dringend na Bloemfontein moet vertrek. Ds W Vogel sal later in die oggend weer by die vergadering aansluit. Ds CJ Nagel versoek om terug te keer huis toe. In sy plek word ds WM Snyman verwelkom. Ds Snyman betuig sy instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg. Oudl PA van Emmenis is siek en het huis toe vertrek.

5.9 Woensdag, 14 Januarie 2009 (Artt 217)
Dr AL Rheeder, di PW Kurpershoek en MP Fourie sal vir 'n tydperk van die vergadering vandag afwesig wees. Ds DPJ Erasmus het vir dringende sake huis toe vertrek.

5.10 Donderdag, 15 Januarie 2009 (Art 232)
Oudl Gert van der Walt is terug in die Sinode.

5.11 Vrydag, 16 Januarie 2009 (Art 262)
Oudl DA Steenkamp, di JB du Plessis en D Pansegrouw het reeds vertrek. Di WM Snyman, DP Prinsloo, SJMS Smit, dr ALA Buys, oudle L van den Brink en PJ Jansen vertrek later die oggend.

5.12 Maandag, 29 Junie 2009 (Artt 301, 304)
Ds PM Modise, oudl JH Schutte, dr DM Nkulu, di C Aucamp en DPJ Erasmus sluit by die vergadering aan, betuig hulle instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg.

5.13 Dinsdag, 30 Junie 2009 (Artt 308, 311)
Oudl HP Erasmus word vir die dag verskoon. Di M van Helden en HH Sehoole sluit by die vergadering aan, betuig hulle instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg.
Die volgende broeders is afwesig met verskoning: dr E Peels, rev J Rogers, ds M van Leeuwen en prof BJ de Klerk.

5.14 Woensdag, 1 Julie 2009 (Artt 315, 330, 336)
Die volgende afgevaardigdes is met verskoning afwesig: Oudle F van Wyk, F van Vuuren, B van der Merwe, NJ van Rensburg, F Greyling, M Erasmus, di JA Schutte, FM Dreyer, P Fanoy en later in die dag dr D Lartz. Oudl JH van der Merwe en ds MJ Erasmus sluit by die vergadering aan, betuig hulle instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan en ontvang sittingsreg.

6. BESOEKERS

Die volgende besoekers is verwelkom: Christelle Raubenheimer en Sam Meiring van SABC Nuus. Hulle sal opnames vir nuusuitsending maak (Art 51).
Brs H en P Schutte (Art 101).
Di R Makungo, GNV Botha dr PWA Mulder sowel as enkele redaksielede van *Kruispad* (Art 108).
Rev J Rogers, prof E Peels, drr R Sikkema en A van den Bout (Art 128).
Ds Jeff van Schie van Australië (Art 133).
Ds S le Cornu en student S Pretorius (Art 136).
Di A Reitsema en JPB van der Walt [emeritus] (Art 146).
Ds KM Kabongo van die Kongo en eerw WA MacRae van Presbyterian Church van Wes-Australië (Art 155).

Dr L Anthony Autra, ds B Adema wat deur sy vader vergesel word, sr L Cloete, eggenote van ds JJ Cloete, die eggenote van prof E Peels, di JM van Leeuwen, P Nel, DJ de Kock en JH Jordaan (Art 170).
Prof T van der Walt [emeritus] (Art 175).
Prof L Floor (emeritus), di Hannes Breytenbach van die VGK, ED Pelele, WM Snyman en br Andries Opperman, seun van ds G Opperman, drs LA Curto, A Wilson, di B Adama en D McNiel (Art 185).
Ds PC Buys [emeritus], teologiese student Karel Steyn en br Joop Stoker (Art 196).
Ds S Hibbert, drr PJ Vermeulen, CN van der Merwe en sy eggenote (Art 205).
Ds L Geel van die Hervormde Kerk (Art 221).
Dr D van Wyk (Hervormde Kerk), ds D Nel (APK) en prof P Strauss (NGK) (Art 225).

7. GOEDKEURING VAN NOTULE

7.1 Die Notule word voorgehou van art 1 tot 119 (Art 159)
7.2 Die Notule word voorgehou van art 120 tot 255 (Art 291)
7.3 Die Notule word voorgehou van art 1 tot 294 (Art 317)